# Die Derde Bede: U Wil

Gen. 6:22.
" 11:4,5.
" 12:5

Matt 7:13-23.

Lank. 25.2.62.

(Kat) ✓

Matt. 6:10 – Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Laat ons dadelik begin deur te sê: dis 'n gevaarlike, angswekkende bede dié – want die Een wat ons geleer het om dit te bid het Homself met hierdie selfde bede aan 'n Kruishout vasgebid. Die derde bede het Christus sy lewe gekos – en dit kan ons wat dit bid ook die lewe kos! Dan sê ons: dis gevaarlik om gehoorsaam te word aan hierdie eis van Christus. En tog is dit nodig, ja, onmisbaar, lewensbelangrik dat elke Christen, ja elke mens, leer om in diepe opregtheid te bid: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Waarom is dit nodig? By die vr. staan ons eerste stil:

I Waarom is die gebed nodig? Elke mens moet tog 'n eie wil hê, moet tog self kan besluit, moet tog weet wat hy wil in sy lewe, sy werk, sy vriendskap, sy huwelik, sy gemeenskap. Is dit dan nie beter om te bid dat ek weet presies wat ek wil nie, dat alle onbeslistheid en onsekerheid by my sal verdwyn nie?

Dis waar dat baie mense se weifeling en onbeslistheid hulle eie ondergang bemerk maar dis net so waar dat dit juis mense se beslistheid en eiewilligheid is wat miljoene ander se ondergang bemerk. Is dit nie juis die mense wat so presies en beslis weet wat hulle

en hulle alleen wil, wat eindelose droefheid
en smart en bitterheid in hd. wêreld ingedra
het nie?
Ja, dis waar: onbeslistheid en oorbeslistheid
is albei bewyse van die een tragiese feit: die mens
se wil is tot sterwens toe krank, dis aangetas deur
d. sonde. En deel daarvan is die wanopvatting dat
om jou eie sin en wil te doen is vryheid en bring
ware geluk, terwyl die prysgewing van jou eie
wil slawerny is. Hoe goed weet ons nie dat
juis die teendeel waar is: die mens wat koppig
en konsekwent volhard in die doen wat hy wil,
hy word 'n slaaf van homself. Dis dié mens
wat ontdek dat hy sy eie hel geskep het —
die hel waar die mens in sy eiesinnige wil
hom verhef en stel teen God!
Dan is dit nodig dat ons leer bid: Laat
u wil geskied: (1) Om ons los te bid van die
diktatorskap van ons eie sin en wil, om vry
te kom van die draaikolk, die maalgat in
die stroom v. ons lewe waar ons uiteindelik
ingetrek en vasgesuig word. Dis omdat Xtus
weet dat die oorsaak van alle chaos en ellende
op aarde is: eiewillige oorheersing —

(2) Om ons te leer dat ware en blywende
geluk alleen daar gebore word en daar groei
waar die mens sy wil vrywillig onderwerp aan
die volmaakte wil van God. Want Gods
wil is die uitdrukking van sy liefde, sy waarheid,
sy genade, sy goedheid. En as Hy vra dat
ons sal buig onder sy wil, dan vra Hy eintlik
dat ons die hoogste geluk sal soek en vind!
— watter dwaas wat dit afwys!

II Wat vra ons as ons dit bid? „Laat u wil
geskied soos in die hemel so ook op die aarde"
wat beteken dit nou as ons dit bid?
① Laat ons by die laaste sin begin — by d. hemel:
want dis altyd goed om by d. hemel te begin —
'n mens kan nooit 'n fout maak deur daar
te begin. Hoe bring Christus die hemel hier in?
Die hemel is juis hemel omdat die wil van God
daar in al sy volmaaktheid geskied. Dan is
die hemel werklik hemel: omdat daar alles
harmonie, geluk, eensgesindheid, doelgerigt-
heid is — omdat die wil van God daar vry-
willig wet en reël is. As ek dus bid dat
Gods wil moet geskied op aarde soos in die
hemel dan bid ons dat die geluk en vrede en
vreugde van die hemelse skares wat God in
alles gehoorsaam, ook op aarde mag kom!
② Maar dit help nie net om te bid „op aarde"
sonder om duidelik te weet na wie ons op
aarde verwys nie. Wie sluit dit almal in?
Solank dit 'n vae, algemene gebed is wat
die mensdom as 'n onpersoonlike klomp in 'n
bondel saamvat, is dit maklik om dit te
bid. Laat ons egter onthou: as ek bid: Laat
u wil geskied op aarde, dan bid ek eintlik:
Laat u wil geskied met my. Nie: Heer,
ek het 'n buurman, 'n baas, 'n man, 'n
vriend: Hy is so eiesinnig en koppig soos jy
kan kry — og Heer, breek tog sy wil in,
hy wil nie na my luister nie — ... Nee!
Vergeet nooit: wie hd. 3e bede bid, bid
homself, sy eiewilligheid dood!

(3) Maar die vraag is: Is dit moontlik? Kan 'n mens dit ooit doen? As Christus, die heilige en gehoorsame en volmaakte, nie eers altyd geweet het wat Gods wil is nie, as Hy dan druppels sweet soos bloed moes laat val op hd. aarde om te bid: Laat u wil geskied — hoe sal ek, arm salige sondige skepsel dit dan durf bid?

Antwd: Dis juis die wonder van hd. gebed: In Christus, omdat Hy in Gethsemane en op Golgotha dit gebid en gehoorsaam gebly het aan die gebed, daarom is in Hom die gebed beantwoord en vervul.. Hy het die toegangsprys betaal tot d. Here waar ons in Hom nou mag en kan bid: Laat u wil geskied! As ons dit bid dan vra ons dus: Here Jesus, laat u volbragte reddingswerk sigbaar word op aarde, laat u Naam geken en geprys word en u Ryk kom van see tot see!

III Hoe leer ons Gods wil ken? Die laaste vraag: Ek wil dit bid - maar hoe word dit waar in my?
(IV) As ek eindelik sover gekom het dat God die trots in my, die hoogmoed en koppigheid gebreek het, dan kan ek vra, deemoedig en klein: Here, leer my u wil!